

**Skriflesing:** 1 Timotheus 2: 1- 8Teks: **1 Timotheus 2:1, 8**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 9: 1,5, 7****TYDENS EREDIENS – Ps. 31:15, 17; Ps. 86:6,8; Sb. 5-4 (10): 1,2; Ps. 77:1,6****1 Timotheus 2: 1- 8****1Ti 2:1 Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebed moet word vir alle mense,**

1Ti 2:2 vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.

1Ti 2:3 So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser,

1Ti 2:4 wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

1Ti 2:5 Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus

1Ti 2:6 wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.

1Ti 2:7 Met die oog hierop is ek aangestel as prediker en apostel, as 'n leraar om die heidennasies te onderrig in die boodskap van die geloof en die waarheid. Ek praat die waarheid, ek lieg nie.

**1Ti 2:8 Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis.****Skriflesing:** 1 Timotheus 2: 1- 8Teks: **1 Timotheus 2:1, 8**Sing: **VOORAF SANG – Ps. 9: 1,5, 7****TYDENS EREDIENS – Ps. 31:15, 17; Ps. 86:6,8; Sb. 5-4 (10): 1,2; Ps. 77:1,6**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, ons het weer vanuit hierdie laaste briewe van Paulus op aarde aan Timotheus gelees. Ons sien weereens die besondere verhouding wat daar tussen Paulus en Timotheus was. Paulus het Timotheus goed geken. Hy het geweet wie sy ouers was, ook wie sy ouma van sy ma se kant af was. Verbondslyne wat vir Paulus van waarde is want in die geslagte werk God. Van ouma na ma na kind.

In Timotheus se geval was sy pa 'n ongelowige Griek, een buite die verbond, maar tog het dit nie gemaak dat Timotheus nie by die geloof ingelyf kon word nie. Natuurlik was hy eers van die Joodse geloof oortuig, met die Ou Testament het hy grootgeword. Hy was ook nog onbesnede toe hy Paulus leer ken het. Ons kan aanvaar dat sy pa nie die besnydenis aan sy kind wou laat gebeur nie. Hoe opvallend toe Paulus besluit het om Timotheus die eerste keer op reis saam te neem het Paulus daarop aangedring dat hy eers besny moes word. Dit wat die teken van die verbond was moes Timotheus ondergaan. So het die jongman Timotheus en die ouman Paulus baie dinge saam deurgemaak, baie dinge deurgemaak. Paulus noem Timotheus ook my kind in die geloof.

\*\*\*

Opmerklik hoe Paulus vir Timotheus die oorgang vanuit die Joodse geloof na die Christelike geloof kon verduidelik. Paulus veroordeel nie Timotheus oor sy verlede nie, maar sien Paulus, so moes Timotheus dit ook leer, as die leer uit die Ou Testament sy volle betekenis begin kry, dan moet jy by die Nuwe Testament eindig. Die beloftes en werke en tekens van

die Ou Testament het in Christus saamgetrek. Paulus sou vir Timotheus kon verduidelik dat dit wat jy en jou ma en jou ouma tot nou toe geglo het, is in Christus saamgevat. Christus is die vervulling van dit wat julle alles vanuit die Ou Testament tot nou toe geglo het. Daarom dat Paulus tog wel Timotheus se opvoeding aanprys al was dit nog Joods moes dit nie vir hulle as struikelblok dien nie, maar as die volle ontplooiing van die geloof van sy moeder en ouma. Ons weet hoe Paulus Timotheus se opvoeding aangeprys het, die mooie van 2 Tim 3:14-15 ... *14 Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was 15 en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.*

\*\*\*

Dit wat Christus Jesus in die lewe van Paulus kom doen het, Paulus sou wou dat Timotheus in dit alles ten volle moet deel en daarin onderrig moet word. Daarom dat ons steeds herderlik met mekaar besig is as ons rondom 1 Timotheus 2 vanoggend hoor wat die Here sê. Herderlik, pastoraal is Paulus met Timotheus besig, daar is 'n diepe besorgdheid te bespeur terwyl die ware leer oorgedra moet word. Ook ons leer rondom ons gebede. Bid vir alle mense, ons groot tema vandag maar dit sluit aan by hoofstuk 1.

\*\*\*

Ons weet in die eerste hoofstuk het Timotheus al groot dinge moes leer. Groot dinge waaraan hy moes vashou voordat die leer oor die ware gebed reg sal insink. Timotheus moes duidelik verstaan waar kry Paulus sy apostelskap vandaan terwyl Timotheus evangelis in daardie dae moes wees. Nie apostel nie. Timotheus is duidelik gewaarsku hoe subtiel, hoe gevaarlik ook hoe maklik dwalinge en dwaalleraars 'n gemeente insluip. In hoofstuk 1 het Timotheus ook die pragtige kon hoor hoe om die Wet van die Here reg te gebruik. Hoe kosbaar is die Here se Wet maar dan tegelyk hoe gevaarlik die Wet is as dit in die hande van dwaalleraars misbruik word.

In hoofstuk 1 doen Paulus eintlik ook iets van die ongewone as Paulus sy eie bediening oor jare vir Timotheus as geykte voorbeeld uitspel. Dit wat Paulus in sy jare in God se diens baie positief kon uitlig, tog bely Paulus steeds homself as sondaar ... ek die grootste van alle sondaars, al het God my so besonder in sy diens kon gebruik. Hoofstuk 1 het geëindig ook met ander sondaars, hulle in wie Paulus geen verandering kon sien nie. Daardie mens wat in sy sonde net harder en harder word, net al meer en meer kwaad aanrig. Paulus noem hulle by die name Himeneus en Aleksander wat Paulus dan self sê hy hulle aan die satan oorgegee. Kan daar iets harder 'n ander sondaar in sy volharding van sonde toegesê word en deur die

kerklike tug kom daar eenvoudig dan net geen verbetering nie. Om op die einde te sê ek gee jou aan satan oor. Verskriklik om dit te sê en te doen, tog het Paulus ook erken daar kom 'n tyd wat dit nie anders kan nie! Hoofstuk 1 eindig met van hierdie hardste uitsprake wat 'n ander mens, 'n sondaar so in sy sonde verhard toegesê, ek gee jou aan satan oor...! maar dan begin hoofstuk 2 met die wonderlikste wat ons as sondaars ook mekaar moet kan toesê.

\*\*\*

Ek bid vir jou, ek sal nie ophou om vir jou te bid nie, ja ek bid vir alle mense. Hierdie wonderlike begin van hoofstuk 2 is eintlik 'n wonderlike verdieping van alles wat hoofstuk 1 saamgebring het. Ons kan en moet bid dat die dinge so gebeur en reg gebeur. Tog is die gebed wat insluit die regte gebed en hoe nodig die gebed is, juis vir Paulus die begin van die groot onderrig wat daar in die res van die brief sal wees.

U onthou ons eerste preek uit hierdie reeks dat die kerk is die huisgesin van God, die kerk is 'n pilaar en grondslag van die waarheid, dit moet 'n draer en beskermmer van die waarheid wees. En het ons in die eerste preek al gesê- elkeen moet weet hoe hy/sy hulle in die huisgesin van God moet gedra- hfst. 3 vers 15 se woorde aan Timotheus... *15 Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermmer van die waarheid.*

\*\*\*

In God se huis moet ek my biddend gedra. Dit is deel van die orde wat God daargestel het en wat God vir ons moontlik maak. Ons kan die res van die Timotheus brief alles aan hierdie orde verbind. Vandag hoofstuk 2 vers 1-8, hoe daar ordelik gebid moet word, hfst. 2 8-15 die baie besproke gedeelte in kerklike vergaderings die afgelope amper 40 jaar in die GKSA, die taak van manlike en vroulike lidmate in die kerke. Die duidelike onderskeid wat daar tussen mans en vroue in die kerk gemaak moet word. Hoe dit nie net die orde in die kerk moet dien nie, maar ook in diens staan van God se skeppingsorde. Daarby moet ons nog kom.

As ons by hoofstuk 3 kom dan gaan dit steeds elkeen moet weet hoe hy/sy hulle in God se kerk moet gedra. Hoofstuk 3 gaan oor die vereistes vir ouderlinge, vir diakens. Ja, lees ons hfst. 3:15-16, dan is dit juis waar die ampte die dienaars moet wees wat waarheidsgetrou moet wees. Draers en beskermers van die waarheid. Hoofstuk 4 handel oor die predikante, die Woordbedienaars, hulle leertaak, hulle herderlike taak. Hoofstuk 5 as ons in die voëlvlug dit ook net mag noem, hoe bejaardes versorg moet word, weduwees en dan eindig hierdie

eerste brief met die ouderlinge se regeertaak en dit wat die tug in die gemeente moet wees. Baie dinge, groot dinge, maar niks hiervan kan hanteer word as ons nie met vandag se gedeelte besef, alles moet biddend, in groot afhanklikheid van God hanteer word. Sonder die gebed is al hierdie ander dinge tevergeefs. Daarom dat ons teksverse as absolute uitgangspunt moet geld- ook as ek die 2020 Vertaling lees- *1 Heel eerste versoek ek dat smekinge, gebede, voorbidding en dankgebede vir alle mense gedoen word ...*

\*\*\*

U hoor ons moet vir alle mense bid, ook glo ek het Paulus nie ophou bid vir Himeneus en Aleksander nie, al het hy hulle aan satan wou oorgee is dit nie te sê God het met hulle opgegee nie. Daardie deel moet ons besef. Hierdie eerste agt verse van hoofstuk 2 breek groot gronde vir ons gebede oop, as dit duidelik word ek moet nie net vir alle mense bid nie, maar my gebede moet so duidelik en direk wees dat ek diep in my hart moet verlang dat alle mense verlos moet word, hoe God dit wil hê. Ons gebede as verlostes moet in die grootste afhanklikheid voor God staan.

**(Bid vir alle mense)**

Ons gebede vir alle mense, op alle plekke. Dis hoe duidelik dit is! Al sal daar in die behandeling van die brief nog baie ander opdragte en groot dinge wees wat Timotheus moes hanteer en regstel, daar in die deurmekaar gemeente in Efese is dit vir Paulus die heel belangrikste. Jy sal niks anders kan doen as jy nie doen wat hier staan nie. As Paulus sy opdrag begin met *heel eerste*, dan bedoel hy dit is die heel belangrikste... Ons besef 'n kerk wat nie bid nie is 'n kerk wat nie sy werk kan doen nie.

Die vraag of daar vir alle mense gebed moet word of soos dit meer direk vertaal kan word vir alle menslike wesens moet daar gebed word, is 'n belangrike vraag. Kan ek regtig vir alle mense bid?! Dan besef ons dit wat Paulus bedoel moet fyner onderskei word. Daar was 'n dwaling in Efese wat van mening was dat redding is net bedoel vir mense wat die regte geslagsregister kon hê. Op die manier het hulle dan ook hulleself voorgestel asof dit net 'n klein groepie mense in Efese is wat regtig gered gaan word.

As Paulus skrywe dat vir alle mense gebed moet word en dat God wil hê dat alle mense gered moet word (v.4) dan skryf Paulus in verweer met wat die dwaling beweer het. Die dwaling was ons kan net vir ons klein groepie bid, redding is net vir ons wie se familie in die kleine onself as gered beskou. Baie duidelik sê Paulus, nee bid vir die groter verband, ons gebed is hier in Efese vir alle mense. God sal Hom beslis nie laat inperk net tot die kleine nie, maar in

die geval moet die redding aan alle mense verkondig word. Vers 4 stel dit mooi... *God wil dat alle mense gered word ... en tot kennis van die waarheid kom.*

Om dit nog duideliker te stel maak Paulus die mens vir wie baie nie sou wou bid nie, 'n duidelike voorbeeld. Ons moet bid vir dié wat regeer en bepaalde gesag moet uitoefen. In Efese het van die wreedste keisers regeer, keiser Nero. Hy was baie wreed, van die grootste vervolgers van die christelike kerk, 'n godslasteraar. Hy wat 'n keer die stad Rome aan die brand gestee het en dadelik die christene van hierdie daad beskuldig het. Hy was 'n baie gevaarlike mens. Erger as hy kan ons ons beswaarlik indink en dan sê die Here bid vir die wat moet regeer, bid dat hulle só regeer dat ons 'n rustige en stil lewe kan lei.

\*\*\*

Dadelik besef ons hoe nodig het ons ook hierdie gebed. Ons het 'n korrupte regering wat dinge uitmekaar laat val, van 'n rustige en stil lewe kom hier eintlik niks tereg nie. Hoe moeilik dan ook om te aanvaar vir hulle mag ek nie ophou bid nie. As God die opdrag gee moet ons luister, ons moet hoor wat die Here sê, want hulle wat regeer moet gesag kan hanteer, moet wet en orde bring. Daarom bid dat die gesag so bedien sal word dat die lewe veiliger kan wees. Ons mag nie ophou om dit van die Here te vra nie. Ons erken alle gesag kom van God af en as die regering nie is wat dit moet wees nie, mag ons nie ophou om vir hulle te bid nie, want God het hulle daargestel.

Dit beteken in alle geval dat ons ook mag bid vir 'n regeringsverandering. As die wet en orde nie werklik realiseer nie, dit wat die primêre taak van 'n regering moet wees, mag ons sekerlik die Here vra bring gesagdraers wat reg sal regeer, wat geregtigheid en orde nastreef en nie net vir hulleself wil sorg nie. En as daar nie ander mense aan bewind kom nie, steeds mag ons nie ophou bid vir hulle wat nog weer verder moet regeer nie. Daarom is dit die moeilike deel maar tog die belangrike vraag- bid ek vir alle mense, bid ek ook vir my vyande, bid ek werklik vir die regering.

Mag daar dan ook so 'n regering kom wat godvresend is wat waardig kan lei. Die ouer vertaling praat van godsvrug en waardigheid. Volkome aan God toegewy, eerbaar sê doe '83 Vert. Nooit mag ons ophou bid vir 'n regering nie en net so belangrik vir dit wat 'n regering se eintlike plek en taak is nie. Want as die regering in plek is stel dit die kerk ook in net soveel beter posisie en geleentheid om te doen waarvoor die kerk haar moet beywer dat die Woord gesaai moet word, dat die kerk regtig kan fokus op wat ons roeping op aarde is. Die

Nederlandse Geloofsbelydenis, die voorlaaste artikel, Artikel 36 kan u gerus weer deurgaang. Dit bring God se Woord ook hier tot 'n duidelike punt as dit om regeerders en hulle roeping gaan. Want besef ons ook die regering moet vir die kerk die ruimte gee dat die kerk kan verkondig dat daar waarlik verlossing is.

**(God wat wil hê dat alle mense verlos word)**

Watter heerlike taak en roeping het ons as kerk om te mag verkondig dit wat Paulus ook vir Timotheus skrywe. Paulus bevind hom in hierdie tyd heel waarskynlik iewers in Macedonië, dalk selfs Spanje wat Paulus lank die verlanse gehad het om ook in Spanje met die evangelie te mag uitkom. Om ook vir daardie mense te bid, vir hulle land, vir hulle regering, al het Paulus dalk nie eers die mense en land goed geken nie, mag dit hom nie verhinder om wel ook vir hulle land en regering te bid nie. Dit geld oraloor!

Want die mens se grootste nood, al mag die mens dit self nie eers weet of erken nie, maar elke mens moet dit hoor en mag elke mens dit besef. Jy kan gered word! Vers 4 is hierin duidelik ... *God wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.* Die evangelie moet waarlik aan alle mense verkondig kan word en mag daar niemand op hierdie aarde wees wat sal kan sê, maar ek is verbygegaan. Aan my is die Woord nie verkondig nie!

Of die mens dit gaan aanneem of nie, is nie in ons hande nie, maar dat ek en jy moet saai en aanhou saai, verkondig tydig en ontydig, daarvoor mag ons nie redekawel nie. Dit wat Paulus vir Timotheus hier leer- is 'n pragtige sluitstuk op Esegïël 33 vers 11... *So seker as Ek leef, sê die Here my God, Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie, Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf, Israel?* Die apostel Petrus het in sy laaste brief ook weer hierby aangesluit as ons lees ... 2 Petrus 3 vers 9- *9 Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.*

Geliefdes weereens besef ons dat wanneer ons die Woord verkondig, ons dit ook met die boodskap moet uitdra. God wil jou met sy Woord bereik. God wil dat ek vir jou moet bid, ja dat jy jou sal bekeer, dat jy mag lewe. Die boodskap mag ons nie aan verander of daaraan wil torring nie. As ons die werklikheid rondom ons sien, dalk in ons tyd word dit 'n al hoe groter werklikheid, dan besef ons dié wat verlore gaan word al meer, al het hulle ook die Woord

kon hoor. Die Woord het wel nie ingang gevind nie en dan moet ons as mense ons belydenis weer vasgryp, veral is die Dordtse Leerreëls in die eerste hoofstuk hiermee hard besig.

Mense wat die boodskap van verlossing met opset verwerp. Dan kom die tyd wat ons dan net stil raak in ons gedagtes, woorde en werke en ons hoor God ook sê- wees stil want Ek is jou God. Wees stil ek sal jou krag gee, want die leer wat dit feitlik stel dat God sekere mense, sekerlik die grootste deel van die wêreld nie uitverkies het nie, is nie iets wat ons met ons verstand moet probeer uitklaar nie. Nog minder wie sal waag God hieroor aan te kla. God het reeds gekies, nog vóór daar wêreld of mense was, daarvoor bely ons en ons doen dit baie versigtig. Sonder om te dink ons mag sommer besluit wie behoort aan God en wie nie, wie is deel van God se uitverkorenes en wie nie. Wie is die verwerptes?! Nee wat ek en jy moet doen, is wat Paulus Timotheus mee voorgegaan het, verkondig die Woord aan alle mense, bid vir alle mense, mag dit werklik wees dat ons mag sê God wil dat jy verlos moet word. Dié Woord moet uit ons monde en lewens duidelik na buite gehoor en geleef word, want gaan dit ook oor ...

**(Die houding wat ons uitdra...)**

Ons lees in vers 8 van die diepe afhanklikheid wat in ons gebede voor God moet wees. *8 Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis.* Ons beweeg nou die deel van Paulus se skrywe binne, waar mans en vroue apart aangespreek word. Alles steeds rondom God se huisgesin, waar God bepaal wat moet gebeur en God mans en vroue een gemaak het maar tog duidelik onderskeie in wat hulle roeping en taak en plek ook in die huisgesin van God is en altyd sal wees. Hier gaan dit weer om te die twee ordes wat ons vroeër al genoem het, die orde wat daar in die kerk moet wees maar dit sluit ten nouste aan by wat ons mag noem die skeppingsorde. Ons mag dit nie vanmekaar skei nie, wat God saamgevoeg het, mag geen mens skei nie.

Daarom word die man hier baie duidelik eerste aangespreek. As dit gaan in wat gebid word, dan is mans en vroue gelyk, bid vir alle mense, vir alle geslagte, ook vanuit alle geslagte. Bid vir almal se verlossing, alle volke, alle geslagte van alle tye, tot alle mense. Hier is nie onderskeid nie, maar dan kom God en sy kerk is sy huis, waar die huisgesinne as huisgesinne ook in die kerk saam is.

In die huisgesin deur die huwelik saamgevoeg moet die man leiding kan neem. Die man moet hoof van sy huis kan wees, moet sy vrou en kinders kan voorgaan soos Christus alle mense voorgaan. Die man moet die skaduwee en voorbeeld van Christus sy huis indra en kan uitleef anders kom daar in sulke huise groot moeilikheid, verwarring en verval. Hoe dikwels val huise ook uitmekaar waar die man nie is wat Christus van hom verwag nie. Die man moet dit wees anders word huisgesinne iets van 'n gespletenheid wat net so gevaarlik kan raak soos wanneer 'n mens iets van 'n gesplete persoonlikheid saamdra. Die mans wat leiding moet kan neem. In die tyd van Paulus was selfs die liggaamshouding iets van 'n erkenning van hoe daar gebid was. Die hande na bó gehou.

As een dit nou nog so doen, kan ons dit nie afkraak en belaglik maak nie. Tog besef ons die houding van op jou knieë te sak en te bid, die houding van my oë toegemaak en ek buig net my kop vooroor, of dat mans staan en vroue sit, dit spreek alles tot ons. Elke wyse het iets van sy eie aangryping. Daar waar die man staan spreek wel saam want sy opstaan is 'n opstaan van ek doen dit namens my gesin. Die opstaan is 'n erkenning vanuit die gesin waar ek kom neem ek verantwoordelikheid. Ek staan op vir wie my gesin is aan my sorg toevertrou. Tog is dit ook weer iets wat nie voorskriftelik kan wees nie, maar in hierdie gebruike sit daar aangrypende betekenis opgesluit. Mag ons dit reg verstaan en reg toepas. Ook in die houding hoe ons hierna kyk. Ook wanneer ons volgende keer die plek van die man en die vrou in die erediens nog nader aan huis moet bring.

AMEN